

# Grondtoekenning en landelike vestiging in die Oranjerivierkolonie/Oranje-Vrystaat, 1900-1912


C.J.P. le Roux

Departement Geskiedenis  
Universiteit Vista (Bloemfontein)

DIE VESTIGING VAN Britse boere in die Oranjerivierkolonie (ORK) en Transvaalkolonie na die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het heftige kritiek van veral Afrikanerkant ontlok. Dit is saam met twispunte soos die repatriasie en kompensasie van die verslane Boerebevolking veroordeel. Twee uiteenlopende standpunte is oor die vestigingskema gehuldig: voorstanders daarvan het dit as 'n instrument ter skepping van 'n verenigde Brits-Suid-Afrika beskou.<sup>1</sup> Daarteenoor het kritici van die skema sir Alfred Milner beskuldig dat hy die twee kolonies wou verengels, en het ook die finansiële mislukking van die onderneming beklemtoon.<sup>2</sup>

Met hierdie artikel word gepoog om vas te stel in hoeverre Milner wel daarin geslaag het om die ORK te verengels. Daar word ook nagegaan of sy beleid inderdaad 'n finansiële mislukking was met groot uitgawes vir die regering van die ORK en weinige ekonomiese vooruitgang vir die setlaars.

In sy hoedanigheid as Hoë-Kommissaris van Brits-Suid-Afrika en Goewerneur van die ORK en Transvaalkolonie wou Milner deur die vestiging van Britse setlaars die Afrikaner-element deursuur om sodoende 'n verenigde Brits-Suid-Afrika tot stand te bring. As erkende imperialis het hy hom in November 1901 pront-uit oor 'n beleid van verengelsing uitgelaat: '... an increase of the British element was a condition precedent to the establishment of the administrative union of the South African colonies compatible with the maintenance of British ideals.'<sup>3</sup> Milner het aanvaar dat die blanke landboubevolking altyd grootliks Afrikaanssprekend sou wees. Tog wou hy minstens in enkele distrikte hoofsaaklik Engelssprekendes vestig om die landbou-ekonomiese ontwikkeling van die kolonies te versnel, maar terselfdertyd te voorkom dat die platteland uitsluitlik in Boerehande bly.<sup>4</sup>



te adviseer. Die landraad het die aanbevelings van die Arnold-Foster-kommissie in die Landnedersettingsordonnansie (no. 22 van 1902) laat opneem. Dit het die aankoop van privaatgrond, die opmeet van regeringsgrond, 'n register

IW: Alle argivale verwysings berus op bronne in die Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein.

<sup>1</sup> W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under lord Milner* (2 dele) (Londen, 1913); J.E. Wrench, *Lord Milner, the man of no illusions* (Londen, 1958); *The Bloemfontein Post*, 12.3.1906.

<sup>2</sup> CO (Argief van Koloniale Sekretaris) 697/370: A. Fischer — Selborne, 30.8.1906, pp. 6-9; Hertzog — Selborne, 7.9.1906, p. 19, en L. Botha — Hoë-Kommissaris, 21.9.1906, pp.1-10; A.P.J. van Rensburg, 'Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie 1902-1907', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 30(2), 1967; *The Friend*, 7.3.1906 (Redaksioneel); D. Denoon, *A grand illusion: the failure of imperial policy in the Transvaal Colony during the period of reconstruction 1900-1905* (Londen, 1973).

<sup>3</sup> Worsfold, *Reconstruction of new colonies* 1, p.9; kyk ook C. Headlam (red.), *The Milner papers* 2 (Londen, 1963), p. 242.

<sup>4</sup> Headlam, *Milner papers* 2, pp. 242 en 283. Vgl. pp. 33-34 en 243 vir die gepaardgaande ideaal om die Boere in die Oranjerivierkolonie deur die onderwys te verbruts. Kyk ook C.J.P. le Roux, 'Sir Hamilton John Goold-Adams se rol in die Oranjerivierkolonie 1901-1910', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 47(2), 1984, hoofstuk 5.

<sup>5</sup> Headlam, *Milner papers* 2, p. 144; Cd.1551-1903 *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, April 1903, p. 100 (Cd. = Imperiale Blouboek); Cd.1163-1902 *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, Julie 1902, pp. 126-127: Vir die verloop van landelike vestiging in die Transvaalkolonie kyk Worsfold, *Reconstruction of new colonies*; ook Denoon, *Grand illusion*.

<sup>6</sup> Cd.626-1901 *Report of the Land Settlement Commission, South Africa*, Junie 1901, pp. 3, 7-9, 17 en 19-20.

## AANVOORWERK EN DIE EERSTE STAPPE

Grondtoekenning en landelike vestiging in die ORK en Transvaal is sedert Mei 1900 in die pers en in regeringskringe bespreek. Milner het hom vereenselwig met die voorstel van sir Joseph Chamberlain, minister van Kolonies, om 'n kommissie van ondersoek onder H.O. Arnold-Foster aan te stel om die vestiging van Britse setlaars te ondersoek. Vir Milner was dit belangrik dat die twee Britse kolonies sover moontlik dieselfde beleid oor vestiging moes volg. Voorts wou hy verhinder dat ongeskoolde arbeiders of klerke sonder landbou-ervaring gewerf word. Slegs burgers uit Brittanje, die Britse kolonies en soldate moes in aanmerking kom. Hulle moes in groepe gevestig word om te voorkom dat hulle deur die Afrikaanssprekende boere oorheers word. Sodoende kon distrikte uiteindelik verengels word.<sup>5</sup>

Die Arnold-Foster-kommissie het Milner se voorstel ondersteun dat voornemende setlaars van Britse afkoms in groepe gevestig word. Dit sou wedersydse hulpverlening in hulle boerderye bevorder. Verder is die moontlike aantal nedersettings, voorwaardes vir die vestiging van oud-soldate, grondtoekenning en die minimum kapitaal wat nodig was vir individuele setlaarboere ondersoek. 'n Permanente landraad om geskikte grond aan te koop, kooptransaksies te administreer en besproeiingskemas in die lewe te roep, is ook bepleit. Verdienstelike aansoekers wat nie as setlaarboere gekwalifiseer het nie, moes in betrekkings in die staatsdiens geplaas word.<sup>6</sup> Dit kon die verengelsingsbeleid verder versterk.

In Oktober 1901 het Milner 'n tydelike landraad van vier lede vir die ORK (en Transvaal) in die lewe geroep om hom

van voornemende nedersetters en die aanlê van proefplase behels.<sup>7</sup>

By Kaalspruitstasie, 14 myl (22 km) suid van Bloemfontein, het die landraad 'n kamp opgeslaan om tydelike huisvesting aan voornemende setlaargesinne te verskaf. 'n Muilen vervoerdepot is ingerig by Myburghfontein aan die Modderivier waar setlaars trekdiere en waens kon koop teen pryse wat die landraad as redelik beskou het. By laasgenoemde plek is ook 'n beperkte aantal koeie en skape onder hulle markwaarde te koop aangebied, 'n diens wat van groot waarde vir die setlaars was.<sup>8</sup>

### STRUIKELBLOKKE

Om na afloop van die oorlog grond vir nedersettingdoelendes te bekom, het vir Milner en sy landraad talle probleme geskep. Een van die hoofoorsake daarvan was die materiële vernietiging van onder meer opstalle, landbou-implemente en landerye wat die beoefening van landbou feitlik onmoontlik gemaak het. Bowendien was die landboubronne van die ORK onontwikkeld, hoofsaaklik weens onderbevolking, natuurrampe, onbeheerde vee- en graansiektes en 'n algemene gebrek aan kennis.<sup>9</sup>

Die regering van die ORK het al sedert Februarie 1901 gepoog om sosiaal-ekonomiese toestande te normaliseer in die paar distrikte rondom Bloemfontein waar vyandelikhede gestaak is. Tot met die vredesluiting in Mei 1902 was die gebied waarbinne die militêre owerheid landboubedrywighede toegelaat het, egter nog uiters beperk. Die situasie is vererger aangesien die regering nie geskikte landboustreke (kroongrond) onder sy beheer gehad het nie. Soos in Transvaal het die regering weinig meer as 1% van die totale grondgebied van die kolonie besit. 'n Groot gedeelte daarvan was uit 'n landboukundige oogpunt ook nie gunstig geleë nie. Die res van die kolonie was in privaatbesit. Die betrokke plase was boonop verspreid sodat Milner se ideaal van blokvorming nie verwezenlik kon word nie. Om 'n paar Britse setlaars op geïsoleerde plase binne 'n oorwegend Boeregemeenskap te plaas, sou nie aan sy doel beantwoord nie.<sup>10</sup>

Daar was drie moontlikhede om voldoende grond te bekom en setlaars terselfdertyd in groepe naby mekaar te vestig. Verbeurdverklaring was in daardie stadium ongewens. Onteining met billike vergoeding was wel 'n oorweging, dog die aangewese oplossing was grondaankope op die ope mark. Milner het voorsien dat baie grond na die oorlog teen die redelike prys van £2 per morg (0,856 ha) in die mark sou kom.<sup>11</sup> Hy het selfs rente geëis op vooroorlogse lenings aan die Boere aangesien die Britse regering volgens hom die erfgenaam was van die voormalige Boererepubliek se bates en laste. Min Boere was egter in staat om na die oorlog die agterstallige rente op hulle lenings te vereffen. Die repatriasierade het geen funksies ten opsigte van grondtoekennings uitgeoefen nie. Gevolglik het hulle geweier om eienaars wat meer as 1 200 morg (1 028 ha) grond besit het uit die repatriasiebronne te help. Die optrede van die Britse regering het gestrook met Milner se standpunt dat Afrikaners se plase te groot was om ten volle te ontwikkel. Weens hul verarmde na-oorlogse posisie sou hulle dus verplig wees om gedeeltes van hul plase te verkoop.<sup>12</sup>

### GRONDAANKOPE

Die Britse regering het £1 250 000 teen 4% rente bewillig vir landelike vestiging in die ORK. Dit was deel van die gewaarborgde imperiale lening van £35 000 000 aan die ORK en die Transvaalkolonie. Milner was gretig om goeie grond teen die heersende lae prys van £0 19s.6d. per morg (0,856 ha) te bekom. Die landraad het die sogenaamde

Verwerde Gebied aan die Caledonrivier as van die beste landbougrond in die kolonie en gevolglik geskik vir setlaars beskou. Plase in die streek was tussen 240 en 470 morg (206-403 ha) groot en ideaal vir gemengde boerdery. Milner was vasbeslote om nog plase in die streek aan te koop. Die spoorlyn het in 1901 reeds tot by Sannaspos gestrek en sou Thaba Nchu in 1903 bereik om die streek binne bereik van die Bloemfonteinse mark en die Kaapse spoorlyn te bring.<sup>13</sup>

In 1902 kon Milner rapporteer dat ongeveer 20 000 morg (17 120 ha) in die distrik Thaba Nchu reeds in plase opgemeet was. Waardevolle plase met 'n totale oppervlakte van meer as 60 000 morg (51 630 ha) is oos en wes van die spoorlyn in die distrikte Kroonstad, Heilbron, Lindley, Ficksburg en Bethulie teen ongeveer £100 000 aangekoop. Die gemiddelde grootte van setlaarsplase in die ORK was sowat 700 morg (600 ha), met die uitsondering van veeplase wat ongeveer 1 600 morg (1 370 ha) was.<sup>14</sup>

### SETLAARGROEPE

Milner wou nie graag die Britse soldate wat tydens die oorlog aansoek om grond gedoen het, teleurstel nie aangesien hy van hulle lojaliteit aan die Britse kroon verseker was. Derhalwe is tydelike okkupasierereg van ses maande tot 'n jaar aan hulle verleen. Sodra die oorlog verby was, het dit diegene wat besluit het om hulle permanent in Suid-Afrika te vestig, vrygestaan om langer huurooreenkomste te sluit, met of sonder die reg om later te koop.<sup>15</sup>

Die Imperial South African Association in Londen het sedert 1902 setlaars in Engeland en Skotland gewerf. 'n Werwingskantoor vir ontslane soldate is in 1901 in Johannesburg geopen.<sup>16</sup> In die ORK was die groep van die South African Constabulary en die Yeomanry wat uit altesaam 39 lede bestaan het, van die eerstes wat in 1901 tydelike huuraansoeke gerig het. Negentien is in die distrik Thaba Nchu gevestig en die res aan die Vetrivier in die distrikte Bloemfontein en Kroonstad waar gevegte toe gestaak was. Die bosboukundige van die regering, C. Grant, ook van bogenoemde groep, is na die plaas Ngoanyana in die distrik Thaba Nchu gestuur.<sup>17</sup>

Die grootste en belangrikste groep was die Scottish Settlers Association (voorheen die Scottish Sharpshooters Association) onder kol. Hill. Sy groep van 43 is in Oktober 1901 op agt plase in die omgewing van Sannaspos, Thaba Nchu, Vredewegstasie (spoorwegstasie van Vredeweg) en aan die Vetrivier geplaas. Die vyf lede van luit. Hale se Farmers' Guard is in die distrik Bloemfontein gevestig. Op die plaas Roodepoort van genl. C.R. de Wet in die distrik Kroonstad

<sup>7</sup> Cd.1163-1902, pp. 85 en 149. Setlaars is sedert die einde van 1902 op plase gevestig ingevolge die Transvaal Setlaarordonnansie (no. 45 van 1902). Vir 'n verslag oor die verloop van die nedersettingsproses in Transvaal 1901-1903, kyk Cd.1551-1903, pp. 95-100.

<sup>8</sup> Cd.1551-1903, p. 102.

<sup>9</sup> Cd.1163-1902, p. 83.

<sup>10</sup> *Ibid.*, pp. 84, 90, 124 en 126-127.

<sup>11</sup> *Ibid.*, pp. 84-86; J.R. Macdonald, *Wat ek in Suid-Afrika gesien het* (Johannesburg, 1942), pp. 113 en 117-118. Die deskundiges in Milner se administrasie het die na-oorlogse grondpryse as redelik beskou.

<sup>12</sup> Macdonald, *Wat ek in Suid-Afrika gesien het*, p. 117.

<sup>13</sup> Cd.1163-1902, pp. 81 en 86; ORC (Regeringspublikasies van die ORK) 224, Budget statement, Colonial Treasurer in Legislative Council, 18.7.1907, p. 9.

<sup>14</sup> Cd.1163-1902, pp. 124 en 126; Cd.1551-1903, p. 102.

<sup>15</sup> Cd.1163-1902, pp.84-85.

<sup>16</sup> CO 320/5925: H. Handcock — H. Goold-Adams, 7.7.1903; CO 86/384: Army orders, South Africa, Pretoria, 21.1.1902.

<sup>17</sup> CO 79/4580: Complete list of British settlers in ORC, 21.12.1901. Voorletters van setlaars ontbreek.

is elf lede van luit. Collins se Roberts' Horse gevestig. Die Imperial South African Association het regeringsplase in die distrik Bethulie, Lindley en Kroonstad en die plaas Mushroom Valley in die distrik Winburg gekoop waar, sover vasgestel kon word, minstens 22 setlaars geplaas is.<sup>18</sup>

Pas na vredesluiting in Mei 1902 is nog enkele groepe in die kolonie gevestig, naamlik die Cathcart-groep naby Thaba Nchu en die Ross-, Rimington- en Abe Bailey-groep by Ficksburg. Die gewese National Scouts ('hensoppers') is op regeringsgrond naby Heilbron geplaas.<sup>19</sup> Setlaars is ook gevestig op ses besproeiingskemas by Kroonstad (Strydfontein), Bethulie (Kransdraai), Winburg (Mushroom Valley), Bloemfontein (Roodepoort), Philippolis (Osfontein) en Rouxville (Uitspanning).<sup>20</sup>

Onder die voorwendsel dat daar talle vakatures in die staatsdiens, handel en in privaat huishoudings bestaan, het die ORK-regering 'n honderd Britse meisies onder 'n immigrasieskema na die voormalige Boererepublieke laat kom. Daar is heimlik gehoop dat hulle met die Britse setlaarboere sou trou om die Britse element in die kolonies te versterk. Dit het nie veel vrugte afgewerp nie omdat die meisies weens hulle stedelike agtergrond onwillig was om die dorpe en groter sentra vir 'n eensame lewe op die plaas te verruil. Die getal meisies wat na die ORK en Transvaalkolonie geïmmigreer het, was in elk geval te min om al die setlaars in staat te stel om gepaste huweliksgenote te vind.<sup>21</sup>


In Julie 1902 het die kroonkolonieregering beheer oorge neem van 'n onafhanklike en permanente landraad vir die ORK. Dit sou as landnedersettingsraad voortgaan met die plasing van Britse setlaars, en as repatriasieraad die ontwrigte Boerebevolking hanteer.<sup>22</sup> Voortaan sou die verbrissing van die ou landelike bevolkings (deur die vestiging van Britse setlaars) en hulle hervestiging dus deur dieselfde kanaal geskied. Dit was duidelik dat die teenstand van die Boere in daardie stadium gebreek was. Minstens 82 setlaars was toe reeds in die kolonie gevestig.<sup>23</sup>

Links: Sir Hamilton Goold-Adams.

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN

Regs: Lord Alfred Milner.

FOTO: Uit J.E. French, *Lord Milner ...* (Londen, 1958)



## VOORWAARDES VIR VESTIGING

Die aanbevelings van die Arnold-Foster-kommissie, sowel as dié van Milner en lt.-goew. H. Goold-Adams van die ORK, is in aanmerking geneem by die opstel van die Landnedersettingsordonnansie (no. 22 van 1902) en die daaropvolgende ordonnansies van 1903, 1906 en 1907.<sup>24</sup> Die 1902-ordonnansie het bepaal dat grond bekombaar was teen die gewaardeerde bedrag wat deur die regering vasgestel is. Die huurkontrak het oor vyf jaar gestrek teen 4% rente, maar kon verleng word. Lenings vir plaasverbeterings moes binne tien jaar, sesmaandeliks teen 5% rente, terugbetaal word. Na een jaar okkupasie kon die huurder aansoek doen om die grond te koop en die koopsom sesmaandeliks oor 30 jaar teen 4% rente terugbetaal. Die regering het mineraalregte op die

grond behou. Van die klousules het die regering teen verliese, luiheid, onbevoegdheid en oneerlike gedrag van die setlaars beskerm.<sup>25</sup>

Die 1902-ordonnansie het bywoners en Boere wat plase besit het van die skema uitgesluit. Dit het naamlik bepaal dat geen persoon met meer as 25 morg (21 ha) grond, in die skema kon deel nie. Die ordonnansie van 1903 het voorts neergelê dat voornemende aansoekers oor minstens £400 kontant of vee en implemente van dieselfde waarde moes beskik.<sup>26</sup> Bywoners kon byvoorbeeld nie aan die finansiële en ander vereistes voldoen nie, terwyl die Boere se plase baie groter as die toelaatbare was. Sover vasgestel kon word, het geen Afrikaner, behalwe die National Scouts wat aan Britse kant geveg het, van die skema gebruik gemaak nie.<sup>27</sup>

In die ORK het Goold-Adams gepoog om die vestigingsvoorwaardes aantrekliker as in Transvaal te maak deur op die volgende byvoegsels aan te dring: rente op lenings moes nie vir die eerste twee jaar gehê word nie; setlaars moes in staat gestel word om enige tyd eiendomsreg van die gehuurde grond te bekom (en nie eers na drie jaar nie); 'n setlaar kon sy grond slegs verkoop indien sy leningsverpligtinge nagekom is. Die regering het hom in elk geval die reg voorbehou om die grond teen die oorspronklike koopprijs plus die bedrag vir permanente verbeterings terug te koop.<sup>28</sup>

## SETLAARS SE BOERDERYVOORUITSIGTE TOT 1912

Die eerste setlaars het nie aan die verwagtinge voldoen nie. Volgens die landnedersettingsraad kon dit toegeskryf word aan die onsekerheid oor hulle toekoms weens die kort, tydelike huurkontrakte in oorlogstyd, die gebrek aan boerderyervaring onder Suid-Afrikaanse toestande, landbouplae soos droogtes en sprinkane en 'n gebrek aan motivering by sommige setlaars. In hulle onkunde het die Engelssprekende setlaars te veel op akkerbou in plaas van gemengde boerdery staatgemaak.<sup>29</sup>

<sup>18</sup> *Ibid.*; Cd.3528-1907 *Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Junie 1907, p. 75; CO 657/2697: Goold-Adams — Imperial SA Association, 1.10.1906; CO 657/2697/2: Koloniale Sekretaris — Imperial SA Association, 27.5.1907.

<sup>19</sup> CO 136/2874: Report Land Settlement, 18.7.1902; Cd.1551-1903, p. 67.

<sup>20</sup> Cd.2482-1905 *Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Mei 1905, p. 34.

<sup>21</sup> CO 694/2616: Land Settlement Immigration Account, 17.9.1906. Cd.1463-1903, pp. 1-2, 17 en 37. Vgl. ook Van Rensburg, 'Ekonomiese herstel van die Afrikaner', pp. 216-217.

<sup>22</sup> Cd.1163-1902, p. 97; U.G.62-1913 *Annual report on the work of the Department of Lands*, 1912, p. 73 (U.G. = Regeringspublikasie van die Unie van Suid-Afrika).

<sup>23</sup> Cd.1163-1902, pp. 103, 149-150; CO 79/4580: Complete list of British settlers in ORC, 21.12.1901.

<sup>24</sup> Kyk G (Argief van die Goewerneur) 144/1 vir die inhoud van die verskillende ordonnansies.

<sup>25</sup> Cd.1463-1903, pp. 25-37; *Government Gazette of the ORC*, 31.10.1902 en 2.1.1903.

<sup>26</sup> Cd.1463-1903, pp. 26 en 37; Van Rensburg, 'Ekonomiese herstel van die Afrikaner', p. 217; Cd.1551-1903, p. 102.

<sup>27</sup> Vgl. Van Rensburg, 'Ekonomiese herstel van die Afrikaner', pp. 217-218. In Transvaal is bywoners saam met die National Scouts op burger-nedersettings gevestig. Kyk Denoon, *Grand illusion*, pp. 74 en 81-82.

<sup>28</sup> CO 68/3946: Landraadresolusies, 21.10.1901; kyk ook J.M. van Aswegen, 'Opkoms van die landbou in die Oranjerivierkolonie, 1902-1910' (M.A., Unisa, 1932), pp. 30-31.

<sup>29</sup> CO 77/4444: H.F. Wilson — Vise-Administrateur, 12.12.1901 en 20.12.1901; Report, Secretary Land Settlement (K.P. Apthorp), 10.12.1901, pp. 2-6; G.B. Beak, *The aftermath of war: an account of the repatriation of boers and natives in the Orange River Colony, 1902-1904* (Londen, 1906), p. 73.

Teen 1904 was 77,5% van die totale aantal setlaars (insluitende mans, vroue en kinders) Engelssprekendes. Slegs 22,5% was Afrikaanssprekendes wat op die hoogte van plaaslike toestande was. Die situasie is vererger deurdat slegs twee Britse aansoekers tot April 1902 oor kapitaal van £10 000 beskik het. Die meerderheid, 836, het tussen £5 en £100 besit, terwyl 190 oor geen geld beskik het nie.<sup>30</sup> Slegs 'n klein groepie kon dus terugslae in die landbou finansiële hoof bied. Daarom het die 1903-landnedersettingsordonnansie minimum kapitale vereistes vir voornemende setlaarboere gestel.<sup>31</sup>

Die regering het in 1905 en 1906 die setlaarboere gehelp om gemengde boerderie op die been te bring. Aanteelskape, -bokke en -koeie van £35 000 is aangekoop en op 'n deelgrondslag ter beskikking van die boere in die droogtegeteisterde distrikte Boshof en Hoopstad gestel.<sup>32</sup> Danksy Goold-Adams se simpatieke houding was die regering ook bereid om die betaling van die eerste paaient op hulle lenings met drie jaar uit te stel. Daarbenewens is tien boomasjiene teen 'n koste van £69 000 gratis ter beskikking van die setlaarboere gestel en ook windpompe ten bedrae van £10 000 kosteloos op suksesvolle boorgate opgerig. Die besproeiingskemas het verder gehelp om die setlaarboere op die been te bring. Hulle het nie moed verloor nie, want daar is oorgegaan tot die stigting van boereverenigings om hulle belange te bevorder en hulle saak by die regering te bepleit.<sup>33</sup>

Deur staatsbydraes en -lenings het Milner die setlaarboere in 'n voordeliger ekonomiese posisie as die Afrikanerboere geplaas. In die pers en op die Brandfortkongres van 1904 waartydens die Afrikaner hulle politieke krag gemonster het, is Milner en die koloniale regering gekritiseer vir hulle ooglopende bevoordeling van die setlaarboere, wat met hul gewaande ekonomiese welvaart die Afrikaner onder die imperiale mantel moes inlok.<sup>34</sup>

In 1906 was ongeveer 480 setlaarboere in die ORK selfversorgend. Vir 186 was die landbouvooruitsigte swak, veral na die verwoestende sprinkaanplaag wat die kolonie in 1906 getref het. Baie van laasgenoemdes het plase by die Afrikanerboere teen 'n laer prys as dié van die Landnedersettingsraad gehuur. Hulle posisie het so verswak dat hulle selfs op die herwaardasie van hulle plase aangedring het. Teen Julie 1907 het 30% nog nie die rente op hul lenings terugbetaal nie. Dit was onder andere die geval met die setlaarboere van Ficksburg. Hulle het aangevoer dat die waardasies van hulle plase te hoog was. Sommige plase het byvoorbeeld nie eens oor voldoende water vir huishoudelike behoeftes beskik nie, maar is as gelykwaardig aan plase met ryk onderaardse water gereken.<sup>35</sup>

*Die setlaarsplaas Dwarskloof, distrik Ficksburg.*

FOTO: Uit S. Playne (red.), *The Orange Free State ...* (Londen, 1912)



*Morning Star, nog 'n setlaarsplaas in die distrik Ficksburg.*

FOTO: Uit S. Playne (red.), *The Orange Free State ...*

Weens die hoë koste was Goold-Adams egter nie bereid om al die setlaarplase te laat herwaardeer nie. Hy het wel onderneem om die versoeke van individuele setlaars deur die Landnedersettingsraad te laat ondersoek en aan verdienstelike gevalle 'n jaar grasie vir agterstallige rente te verleen.<sup>36</sup> Die Landnedersettingsordonnansie van 1907 het verdere verligting gebring. Die setlaars is toegelaat om die uitstaande koopbedrag op hul plase enige tyd binne die tydperk van 30 jaar in plaas van halfjaarliks terug te betaal. In die geval van lenings kon die setlaars die rente wat voortaan 4% in plaas van 5% sou beloop, halfjaarliks terugbetaal. Die kapitaalbedrag van die lening kon in drie paaimente binne vier, sewe en tien jaar respektiewelik, betaal word. Die toegewings was veral vir setlaars in die distrikte Thaba Nchu, Ladybrand en Ficksburg 'n groot verligting, aangesien hulle

<sup>30</sup> Van Rensburg, 'Ekonomiese herstel van die Afrikaner', p. 223; Cd.1163-1902, p. 154.

<sup>31</sup> Kyk voetnoot 26.


<sup>32</sup> Cd.3028-1906 *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, Julie 1906, p. 5; U.G.62-1913, p. 73. Ook in Transvaal is aanteelwee op 'n deelgrondslag ter beskikking van die boere gestel, hoofsaaklik in die distrikte Bloemhof, Ermelo, Schweizer-Reneke en Waterberg. Kyk U.G.62-1913, p. 83.

<sup>33</sup> Wrench, *Lord Milner*, pp. 73-74 en 242; Cd.2104-1904 *Correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Julie 1904, pp. 138-139; kyk ook voetnoot 20.

<sup>34</sup> Cd.3028-1906, pp. 2 en 92; ORC 12, *Debates Legislative Council*, Tenth Session, 1907, p. 57; Van Rensburg, 'Ekonomiese herstel van die Afrikaner', p. 220.

<sup>35</sup> Vgl. ORC 12, *Debates Legislative Council*, Tenth Session, 1907, p. 57; Cd.3528-1907, p. 77 en Cd.2482-1905, p. 36; CO 579/9909: Ficksburg-setlaars — Goold-Adams, 8.11.1904.

<sup>36</sup> CO 579/9909: Koloniale Sekretaris — Ficksburg-setlaars, 30.11.1904. Vgl. ook Cd.3028-1906, p. 5 en Cd.2482-1905, p. 36.



daardeur kapitaal vir plaasverbeterings kon spaar. Tussen 1907 en 1912 is £247 000 onder hierdie voorwaardes aan lenings bestee.<sup>37</sup>

Setlaars in die sprinkaan- en droogtegeteisterde westelike distrikte van Boshof en Hoopstad se boerdery-aktiwiteite is verder belemmer weens 'n gebrek aan voldoende waterbronne en afgeleë spoorgeriewe. Hulle is deur die Landnedersettingsraad tegemoet gekom deurdat hul uitgawes aan plaasverbeterings teen hulle skuldverpligtinge in berekening gebring is om hulle finansiële posisie te verbeter. Hulle het ook geldskenkings vir plaasverbeterings ontvang. Sodoende is hulp verleen aan setlaars wat hulle plase wou laat herwaardeer omdat waardasies te hoog was. Die Landnedersettingsraad se finansiële steun aan hierdie setlaars het ongeveer £35 000 beloop.<sup>38</sup>

Die oktrooibriewe van Junie 1907 waarvolgens selfbestuur aan die ORK verleen is, het aan die Landnedersettingsraad die bevoegdheid verleen om die rentebetaling van al die setlaars tussen Oktober 1909 en September 1912 met 25% te verminder. Dié toegewings en die goeie reëns in 1907 en 1908 het hulle in staat gestel om hulle skuldverpligtinge na te kom. In 1909 was hulle nog £18 000 aan rente verskuldig. Drie jaar later het dit slegs £2 000 bedra.<sup>39</sup>

Goold-Adams het die meeste van die setlaars in 1909 en 1910 besoek en bevind dat feitlik almal goed gevestig was.<sup>40</sup> Uit die 972 wat van 1902 tot 1909 grond onder die skema besit het, was 650 in 1909 steeds grondbesitters, 154 het hulle plase verlaat maar was nog in die kolonie, die bestemming van 146 was onbekend en 22 was oorlede. Die 650 grondbesitters het elkeen oor vee ter waarde van gemiddeld £800 beskik.<sup>41</sup> Word die waarde van hulle plaaswoning en landbou-implemente bygereken en in gedagte gehou dat elke setlaar met gemiddeld £400 begin het, het die setlaars oor die algemeen baie goed gevaar. Grondpryse het teen 1910 ook sodanig gestyg dat baie wat aanvanklik ontevrede was met die prys wat hulle moes betaal, erken het dat die waarde van hulle plase in 1910 hoër as die aankoopprys daarvan was. Hulle is ook bevoordeel deur die goeie oeste sedert 1908, terwyl vee- en pluimveegetalle tussen 1907 en 1912 merkwaardig gestyg het.<sup>42</sup> Majoor K.P. Apthorp van die South African Constabulary en staatsmaker in die Landnedersettingsraad sedert 1901 was oortuig dat 90% van die setlaarboere solvent en in die beste finansiële posisie ooit was.<sup>43</sup> Hulle was inderdaad selfstandige boere.

Die besondere bydrae van die setlaarboere ter verbetering van die landbou het nie slegs geblyk uit die algemene plaasverbeterings soos wonings, veekrale en windpompe nie, maar ook uit die kondisie van hulle groot- en kleinvee. Bewys daarvan was die talle pryse (307 eerstes en 205 tweedes) wat hul diere op die sentrale en plaaslike landboutenstoonstellings Skoolgebou vir setlaarkinders op die Westminster-landgoed, tussen Thaba Nchu en Ladybrand.

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAAARPLEK, BLOEMFONTEIN



in die Oranje-Vrystaat (voorheen die ORK) in 1912 verower het.<sup>44</sup> Die bewering dat die setlaars op landbou-ekonomiese gebied geen noemenswaardige bydrae gelewer het nie en agteruit geboer het, was dus ongegrond. Goold-Adams kon kategorieë verklaar dat die setlaars oor die algemeen geen griewe gehad het nie en tevrede was met die behandeling wat hulle van die Landnedersettingsraad ontvang het.<sup>45</sup>

## IMPERIALE LANDNEDERSETTINGSRAAD

Die landelike vestigingskema is sedert 1 Oktober 1907 kragtens die oktrooibriewe van Junie 1907 vir vyf jaar onder beheer van 'n nuwe imperiale landnedersettingsraad geplaas. Dit het steeds onder voorsitterskap van Apthorp (direkteur) en twee lede gestaan en was onder beheer van die Goewerneur. Die eiendom van die ou raad sowel as sy magte en funksies is aan dié liggaam oorgedra. Van 1 Junie 1910 tot 30 September 1912 het die imperiale Landnedersettingsraad ingevolge die Suid-Afrikawet van 1909 onder die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika geressorteer en sedert 1 Oktober 1912 onder die Departement van Lande.<sup>46</sup> Na die toekenning van selfbestuur aan die ORK is die vestigingskema egter onder beheer geplaas van die Goewerneur as verteenwoordiger van die imperiale regering omdat Milner wou verhoed dat die Afrikanergesinde regering van premier A. Fischer die gunstige nedersettingsvoorwaardes van die setlaars opskort.<sup>47</sup>

Milner en die setlaarboere se vrees was nie ongegrond nie. Die Afrikanerleiers van die ORK (Fischer en genl. J.B.M. Hertzog) en die Transvaalkolonie (genl. Louis Botha) het die nedersettingskema heftig gekritiseer. Hulle het op die imperialistiese motiewe daarvan gewys en dit bestempel as 'n toonbeeld van gebrek aan bestuurservaring en 'n finansiële verlies vir die kolonie. Om die skema onder beheer van die Britse regering te plaas, het vir die koloniale regering 'n onhoudbare *imperium in imperio* geskep. Veral op plaaslike vlak sou dit as bron van wrywing tussen die koloniale en Britse regering dien.<sup>48</sup>

Die besorgdheid oor die posisie van die setlaars onder koloniale selfbestuur het later geblyk oordrewe te wees. Fischer het die setlaars van die regering se simpatieke en hulpvaardige houding verseker:

Ministers will at all times be prepared to meet the settlers to discuss any reasonable request ... to safeguard their rights and interests or to reassure them that on being taken over by the Government of this Colony they will be entitled in all respects to enjoy the same rights and privileges as are accorded to other subjects ...<sup>49</sup>

<sup>37</sup> U.G.62-1913, p. 73; ORC 12, Debates Legislative Council, Tenth Session, 1907, p. 58.

<sup>38</sup> U.G.62-1913, p. 74; G 10/3022/2: K.P. Apthorp — Koloniale Sekretaris, 15.6.1907, p. 186.

<sup>39</sup> U.G.62-1913, pp. 73-74; G 14/20/21: Goold-Adams — Crewe, 22.11.1909.

<sup>40</sup> G 14/20/29: Memorandum of Land Settlement in the ORC, 28.3.1910, p. 149.

<sup>41</sup> G 14/20/21: Goold-Adams — Crewe, 22.11.1909, p. 50.

<sup>42</sup> G 14/20/29: Memorandum of Land Settlement in the ORC, 28.3.1910, pp. 149, 183-184 en 195; U.G.62-1913, p. 74.

<sup>43</sup> G 10/3022/2: Apthorp — Koloniale Sekretaris, 15.6.1907, p. 189.

<sup>44</sup> U.G.62-1913, p. 74; kyk ook voetnoot 50.

<sup>45</sup> G 14/20/29: Memorandum of Land Settlement in the ORC, 28.3.1910, p. 149.

<sup>46</sup> U.G.62-1913, pp. 73 en 75; G 14/20/29: Memorandum of Land Settlement in the ORC, 28.3.1910, p. 145. Selfbestuur is kragtens die oktrooibriewe van 5 Junie 1907 aan die ORK verleen. Kyk U.G.62-1913, p. 73.

<sup>47</sup> G 11/20/13: H.A. Wyndham — Koloniale Kantoor, 18.7.1908, p. 134; Headlam, *Milner papers* 2, p. 555.

<sup>48</sup> CO 697/3709: A. Fischer — Selborne, 30.8.1906, pp. 6-9; Hertzog — Selborne, 7.9.1906, pp. 1-9, en L. Botha — Hoë-Kommissaris, 21.9.1906, pp. 1-10.

<sup>49</sup> G 12/20/15: Goold-Adams — Crewe, 17.8.1908, p. 76.

## FINANSIËLE OORSIG

Aantygings dat die nedersettingskema 'n finansiële mislukking was en mank gegaan het aan bestuurserfaring,<sup>50</sup> verdien nadere ondersoek. In November 1909 het Goold-Adams 'n benaderde staat van die skema se totale inkomste en uitgawe tussen 1902 en 30 September 1909 aan die Minister van Kolonies verstrekk. Uit 'n inkomste van £1 426 000 is ongeveer £1 miljoen aan grondaankope gespandeer. Die vestigingskema self het £420 000 beloop. Die £60 000 aan administratiewe uitgawe kan nie as buitensporig beskou word nie, aangesien dit vir agt jaar op £9 per gevestigde setlaar te staan gekom het. Grond met 'n omvang van 64 000 morg (54 784 ha) en ter waarde van £26 000 (insluitende mineeraalregte) is op 30 September 1907 aan die regering van die ORK oorgegee.<sup>52</sup>

Groot bedrae is bestee op die ontwikkeling van die setlaarplase, die administrasie en diverse sake. Nogtans het die Landnedersettingsraad in 1909 nog oor realiseerbare bates soos setlaargrond, terugbetaalbare lenings en 'n kontantbalans beskik wat die gewaarborgde lening van £1 250 000 oorskry het.<sup>53</sup> Op 30 September 1912, die vooraand van die ontbinding van die Landnedersettingsraad, het 546 setlaars op 655 565 morg (561 164 ha) gewoon. Die finansiële posisie van die raad het onteenseglik stewig vertoon. Bates oorhandig aan die Unieregering in kontant of onroerende eiendom het £1 552 754 bedra, met uitstaande rente wat op slegs £2 000 te staan gekom het. Die jaarlikse inkomste aan leningsrente was voldoende om sowel die 4% rente wat op die gewaarborgde lening van £1 250 000 betaalbaar was, as die administratiewe uitgawe van die skema te delg.<sup>54</sup>

Landnedersetting in die ORK was uit 'n finansiële oogpunt 'n groter sukses as in Transvaal. Goold-Adams het dit toegeskryf aan die ORK wat na die oorlog gouer as Transvaal herstel het. Dit kon onder meer toegeskryf word aan die korter afstande as in die Transvaalkolonie, sodat min tyd tussen die oorgawe van die kommando's en die hervestiging van die burgerlike bevolking verloop het. In die ORK was ook nie so 'n groot getal swartes (52 000) wat gerepatrieer moes word as in Transvaal (61 000) nie. Gevolglik kon die aanstelling en plasing van magistrat en ander siviele amptenare wat met vestiging of hervestiging en repatriasie gehelp het, vinniger geskied. Rhodesiese Rooiwater het boonop nie die ORK se veestapels so swaar getref soos in die Transvaalse Bosveld nie. Die ORK-regering het ten slotte ook 'n meer sistematiese beleid in die aankoop en toekenning van grond gevolg.<sup>55</sup>

## BESLUIT

Lord Alfred Milner se politieke oogmerke met nedersetting en immigrasie in die ORK het soos in die geval van Transvaal misluk. Die 546 setlaars van die Oranje-Vrystaat (OVS) en die 440 setlaars van Transvaal teen 1912 het in die praktyk beteken dat ongeveer 2 500 mans, vroue en kinders op die plase gevestig was. Dit was slegs een agtste van die totaal wat Milner beoog het. Sy setlaar- en vroue-immigrasieskema kon dus nie 'n betekenisvolle uitwerking op die blanke bevolking van die twee provinsies hê nie. Trouens, in 1911 het 79% van die blankes in die OVS aan Afrikaanse kerke behoort. Demografiese toestande het op 'n Afrikanermeerderheid van minstens 70% gedui.<sup>56</sup>

Op landbou-ekonomiese gebied het die setlaarboere wel 'n stimulerende effek gehad. Hulle was nie bloot 'n toevoeging tot die bestaande orde soos wat kritici beweer het nie. Hulle het hulself onderskei deur die aanbring van



Die setlaarsplaa Laverstock, distrik Lindley.

FOTO: Uit S. Playne (red.), *The Orange Free State*

algemene plaasverbeterings en die uitstekende vertonings op landboutoonstellings. Dat die skema self finansiëel en administratief so voorspoedig was, kan toegeskryf word aan onder meer die spoedige hervat van die siviele regering tydens die oorlog en die suksesvolle verloop daarna; die persoonlike belangstelling van Goold-Adams; die bekwame leiding van Apthorp wat in samewerking met Goold-Adams bygedra het om die skuldverpligtinge van setlaars te verlig; die sistematiese beleid in die aankoop en toekenning van grond; en die goeie reëns van 1907 en 1908.

In sy waardering van die administrasie van landnedersetting in die ORK het Goold-Adams na die suksesvolle verloop daarvan verwys en die kritiek in die pers en in die parlement as ongeregverdig afgemaak.<sup>57</sup> Die setlaars sou hulle landboubedrywighede voortaan selfstandig en sonder bystand van die Unieregering kon voortsit.<sup>58</sup> Landelike vestiging het dus nieteenstaande politieke oogmerke en 'n moeilike begin, suksesvol in die ORK/OVS verloop. □

<sup>50</sup> G 10/3022/2: Settlers — Selborne, 5.4.1907, pp. 171-178; *The Friend*, 14.4.1905 (Redaksioneel) en 7.3.1906 (Redaksioneel); *De Vriend des Volks*, 22.3.1910; D.M. Goodfellow, *A modern economic history of South Africa* (Londen, 1931), p. 242; Van Rensburg, 'Ekonomiese herstel van die Afrikaner', hoofstuk 3 en p. 227.

<sup>51</sup> G 14/20/21: H. Goold-Adams — Crewe, 22.11.1909, pp. 48-49.

<sup>52</sup> *Ibid.*

<sup>53</sup> *Ibid.*, pp. 49-50; kyk ook G 10/3022/2: Apthorp — Koloniale Sekretaris, 15.6.1907, pp. 191-193.

<sup>54</sup> U.G.62-1913, p. 75; U.G.57-1913, *Finance accounts, appropriation accounts, loan funds and miscellaneous funds*, 1912-1913, p. 273; *Worsfold, Reconstruction of new colonies 2*, p. 105. Geen bewys is gevind vir Van Rensburg ('Ekonomiese herstel van die Afrikaner', p. 228) se bewering dat, benevens die genoemde gewaarborgde lening van £1 250 000, 'n tweede soortgelyke bedrag op landelike vestiging in die ORK gespandeer is nie.

<sup>55</sup> PRO (Mikrofilm van CO-lêers van ORK in Public Record Office, Londen) mikrofilm A.181, CO 224/20, doknr. 19936: Goold-Adams — Selborne, 7.5.1906, p. 367; *The Friend*, 30.8.1906 (Redaksioneel); Cd.1163-1902, p. 151.

<sup>56</sup> Orange River Colony (Bluebook), *Census of the Orange River Colony*, 17.4.1904 (Bloemfontein, 1904), p. 118; *Union of South Africa, Census of the Union of South Africa* (Pretoria, 1911), p. 932; Denoon, *Grand illusion*, pp. 75 en 82.

<sup>57</sup> G 14/20/21: Goold-Adams — Staatssekretaris, 22.11.1909.

<sup>58</sup> Vandag, 80 jaar later, word nog minstens 20 van die oorspronklike 50 plase in die Oos-Vrystaatse distrikte Excelsior, Ladybrand en Ficksburg steeds deur welvarende nasate van die setlaars bewoon. Mondelinge mededellings aan die skrywer op 5 September 1989 deur K.A. Flanagan, Tweespruit, H.J. Clayton, Excelsior, mej. N.C.W. Wehmann, Westminster en mev. G.E.L. Stevens, Ficksburg. In die distrik Thaba Nchu woon tans geen nasate van setlaars nie aangesien hulle verkies het om hulle elders te gaan vestig toe Thaba Nchu in 1983 deel van Bophuthatswana geword het. 'n Onvolledige lys name van setlaars woonagtig in die distrikte Thaba Nchu en Ficksburg in 1904 verskyn in CO 362/9909: ORC settlers at Thaba Nchu and Ficksburg, 31.12.1904. Geen naamlys van setlaars woonagtig in die ander genoemde distrikte van die ORK kon opgespoor word nie.